

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 228

(Geen datum)

Roep God aan in benoudheid

* * * * *

"Staan op, **HERE**, verlos my, my God!"

(Psalm 3:8)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

In my nood roep ek tot God

"O Here, hoe het my teëstanders vermenigvuldig. Baie staan teen my op. Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie." (Ps 3:2, 3) In die 1933/53 vertaling van die Bybel, staan daar as opskrif by Psalm 3: "'n Môrelied"

En waar 'n mens sou verwag dat 'n môrelied sou sing van die versorgende genade en die groot goedheid van God, was daardie môre, waarop hierdie lied die eerste keer gesing is, geen môrestond met goud in die mond nie.

Die digter Dawid begin hierdie lied van hom soos 'n klaagsang. Hy kla sy nood by God: "O Here, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op."

Dit was die eerste gedagte waarmee Dawid op daardie veelbewoë oggend ontwaak het. Dit was 'n oggend wat met troostelose godverlatenheid vervul was.

Want hierdie vlugteling-koning se vyande was talryk en sy probleme menigvuldig. Hy was op vlug vir sy eie opstandige seun Absalom wat hom vervolg het, en hom van die troon wou afstoot.

Hy was 'n vader wat deur sy eie seun verwerp word, sy lyding was intens, sy omstandighede haglik, die verraad van sy seun het hom aan die hart geruk.

En daarby het baie van sy teenstanders leedvermakerig verklaar dat hy geen hulp van God te wagte kan wees nie.

Veragtend het hulle gesê:

- God laat hom in die steek
- God het hom aan sy lot oorgelaat
- God het hom verstoot

Dit is seker die ergste wat 'n mens aangedoen kan word: die aanslag op jou geloof; die saad van vertwyfeling wat in jou gemoed gesaai word; die suggestie van reddeloosheid en wankelmoedigheid en verwerpenheid wat gelaat word.

Dan dreig alle vastigheid om ineen te stort.

En só het Dawid dit waarskynlik ook ervaar.

Die smaad van sy teenstanders het weerklank gevind in sy eie hart en hy het begin wonder of hulle nie dalk gelyk het nie?

In die donkerste oomblikke van verlatenheid en bedreiging kom God so afsydig voor.

Dit lyk asof my beproewing Hom nie raak nie, en asof my eensaamheid by Hom verbygaan.

Is daar werklik vir my nog hulp by Hom te wagte?

Waar Dawid so dikwels geroem het in die reddende genade van God en waar hy telkemale kon getuig van uitkoms wat die Here gebied het in tye van benoudheid, lyk dit nou asof die Here hom die rug toegekeer het.

In die oomblikke van sy grootste leed en beproewing is daar klaarblyklik geen uitkoms nie.

In sy mistroostige omstandighede het Dawid met die Here geworstel.

Hierdie gevoel van verlatenheid en bedreiging ervaar elke mens op die een of ander wyse in sy lewe. Die eensame tye van smart en vertwyfeling kom onafwendbaar op jou lewenspad. Die sonde sny diep en seer.

Daar is soms aktiewe vyandskap van mense,

- leedvermaak uit onverwagte oord,
- onregverdige swartsmeerdery en skinderpraatjies,
- valsheid en liefdeloosheid uit jou vriendekring,
- koudheid en selfs haat onder diegene wat die naaste aan jou is.

En dan voel dit dikwels asof God afsydig teenoor jou staan, veraf en onbetrokke asof daar van die Here geen hulp kom nie.

In sy geloofsworsteling het Dawid egter by God skuiling gevind. Hy het die Here geken as dié God wat sy gelowiges verhoor en hulle bystaan en ondersteun en wat uitkoms bied: "U Here, is 'n skild wat my beskut, my eer en die EEN wat my hoof ophef."

Geloof laat 'n mens in die mees hopelose situasie vasgryp aan God en op Hom alleen vertrou. In Christus het Hy Sy kinders uit 'n reddelose toestand van sondeverlorenheid uitgered.

Hy omring hulle met Sy troue Vaderliefde.

Hy skenk aan hulle Sy lewendmakende Gees.

Hy versorg en beskerm hulle in alle omstandighede.

Hy sal hulle nooit prysgee nie, selfs hoe groot die bedreiging ook al mag wees, hoe bitter die verlatenheid en hoe donker die toekoms.

(Rom. 8:37) . . ."in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."

Ds. Pieter van der Walt

Die Here is 'n skild

In oorlogstyd is dit nie rustig nie. As die oorlog oral woed kan mens nêrens heen vlug nie. Oorlog is nie net waar kleefmyne ontplof en masjiengeweevuur knetter nie. Die onrus van die tyd is die gevolg van die oorlog wat tussen God en Satan woed:

- . . . Kinders wat ongehoorsaam is;
- . . . my kind wat deur 'n dronk man omgery word;
- . . . selfmoord;
- . . . 'n familiemoord;
- . . . so slaan die een lewensgolf na die ander in hul onrus teen my aan.

Ook God se kind staan in die oorlog. Hy het 'n pos om te beman en daar is nie wegkomkans nie. So was dit ook met Dawid toe sy seun Absalom teen hom in opstand gekom het. Absalom het dit ook nog reggekry om 'n deel van die volk, wat vroeër vir Dawid so lief was, saam met hom te trek. Dit was nou om van moedeloos te word. Maar Dawid moes op sy pos bly.

Miskien is jy ook moedeloos. Jou kop hang. Dit is miskien hoekom jy nie meer op jou pos is nie. Nie net as lidmaat by die kerk nie, maar ook in jou gesin en elders het jy die handdoek ingegooi.

'n Ware kennis van God gee ons nuwe moed. So was dit met Dawid ook. In Ps 3:4 lees ons waarom hy op sy pos kon bly na die opstand van Absalom. Die Here is sy skild. As koning wat as soldaat geveg het, het Dawid die waarde van 'n skild geken. As die soldaat sy skild goed kon hanteer, kon hy al die wapens van die vyand afweer. Maak nie saak vanwaar die vyand aanval nie, hy stoot net die skild tussen hom en sy vyand in. Nou sê Dawid die Here is sy skild. Daarmee bring Dawid sy God tussen hom en die aanvaller in — selfs Satan. Hy leer om in die grootste smarte sy laste en sorge op die Here te werp. Die Here tel Dawid se kop op. As mens maar net weet dat die Here jou soos 'n skild beskerm teen doodsteke, kry jy nuwe moed. Dan tel jy jou kop op en pak jou taak aan sonder vrees. Die Satan en sy magte kan 'n gelowige nie onderkry nie. Die Here is oral en Sy beskerming is oral. By God kan jy jou altyd veilig voel.

Is jy ook 'n kind van die Here wat jou pos verlaat het? Dan het jy seker al agtergekom dat mens die onrus van die stryd nooit ontvlug nie. Satan het geen genade met 'n mens nie. As jy nie op jou pos is vir die Here nie, sal die Satan jou vir sy doel inspan. Die Satan sal jou dryf tot raserny. Vlug dan tot God!

Hy is ons skild. Hy gee ons nuwe moed. Die gelowige kan dit uitsing: “Die Here is my krag en my Psalm, 'n toevlug in die nood — 'n rots wat altyd vas bly staan . . . selfs al dreig die vyand met die dood.”

P. A. Odendaal

In nood - bid!

Het jy al die volgende ervarings of sommige daarvan gehad?

Jy voel dat die lewe besig is om jou onder te kry, want:

- * Jy het op die bankrotvendusie alles verloor — jou besittings en jou vriende.
- * Jou man het jou vir 'n ander vrou gelos — nou moet jy alleen die kinders se probleme hanteer.
- * Jy is ernstig siek en die onsekerheid of jy gaan gesond word, maak jou gedaan.
- * Jy het jou man, jou vrou, jou kind deur die dood verloor en jy voel so eensaam.

Jy voel jy kan net nie meer nie. Die lewe het vir jou te veel geword. Soms kry jy die gevoel dat dit dalk maar beter is om 'n einde aan alles te maak.

Dit is met jou wat ek graag wil praat. Moenie na die pistool gryp om 'n einde aan alles te maak nie. Gryp na die swaard van die Gees — die Woord van God — juis om 'n begin met alles te maak.

Ons lees in die Bybel dat Dawid, die koning van die volk Israel en die man na God se hart ook op 'n dag gevoel het dat dinge vir hom te veel geword het.

- * Sy kinders haat hom.
- * Sy seun Absalom wil hom doodmaak.
- * Dawid moet vir sy lewe vlug.
- * Sy eie mense laat hom in die steek en is aan Absalom se kant.
- * Agitofel, sy raadgever, is tussen die samesweerders.
- * Dawid is verneder.

Maar te midde van hierdie geweldige krisis gryp Dawid nie na 'n pistool om 'n einde aan alles te maak nie. Nee, Dawid skreeu om hulp by God. Hy bid. Nou moet jy mooi luister tot wie hy bid as hy sê. "luid roep ek die HERE aan"

Hy bid tot die HERE, die troue Verbondsgod, die God wat Sy woord hou, wat nie leë beloftes maak nie, wat Hom aan die mens verbind deur Sy Seun.

Dawid was deur sy eie seun verlaat, maar Jesus was deur Sy eie Vader verlaat! Op Golgota het God die Vader vir Jesus verlaat en daarmee het Hy die mens aan Hom verbind. Niks kan ons van God se liefde skei nie,

- * nie enige krisis nie;
- * nie die dood nie;
- * nie vernedering nie.

Die HERE is daar en Hy hoor as ek met Hom praat. En die groot genade is dat jy met Hom mag praat. Jy kan jou hart by Hom uitpraat. Jy mag jou nood voor Hom neerlê.

Op die vleuels van die gebed styg jy uit bo die krisis en beproewinge van die lewe.

- * Gebed bring jou tot bedaring;
- * Gebed bring jou in die kragveld van God;
- * Gebed bring die hemel in beweging; en
- * Gebed bring jou tot aanvaarding.

Wie gelowig gebid het, is kalm en rustig ondanks die grootste nood. Weet jy, baie keer praat 'n mens in jou nood eerder met mense as met God. Maar onthou, in jou nood is God baie nader aan jou as enige mens. Praat met Hom.

As jy voel jy het in die lewe in 'n doodloopstraat beland, moenie na 'n aardse wapen gryp nie. Nee, gryp na die geestelike wapen, die gebed. Bid jy nog? God sal jou verhoor en RED.

Ds. C. S. Grobler.

Godsvertroue

Lees Ps 3:6 & 7: "As ek gaan lê, slaap ek goed, ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my. Ek is nie bang vir tienduisend mense wat van alle kante af op my toesak nie."

Tydens hierdie vrese het Dawid klaar gebid. Deur sy gebed het Hy krag gekry . . . ja, ook vertroue en geloof! Hy is nie meer bang nie. Hy gaan lê en slaap, ongeag die dreigende gevaar. Maar hy gaan slaap . . .

- nie uit roekeloosheid nie
- nie uit traak-my-nie-agtigheid nie,

maar vanuit 'n diepe Godsvertroue, want Dawid het geleer:

- God waak om hom;
- God gee genade;
- Hy glo en vertrou!

En as Dawid wakker word? Dan is die eerste besef: God het gesorg.

- Hy leef
- Hy's nie dood nie, want hy sê: "Die Here sorg vir my"
- Die Here ondersteun my.

Wat 'n pragtige woord . . . **ONDERSTEUN!**

- 'n steun van onder
- 'n toestand waar die mens passief is en God alles doen
- hy word ondersteun, soos om byvoorbeeld op 'n bed te lê terwyl jou liggaam ondersteun word.

So lê Dawid as't ware in God se hand - veilig en beskermend.

Dit geld ook vir jou, my vriend en vriendin! God sorg, God dra en God ondersteun jou. Aanvaar dit tog . . . en leef so — In Godsvertroue!

Twyfel jy dalk nog? Ja, dalk ervaar jy dit nog nie. Jy's bang . . . voel bedreig . . . slaap onrustig . . . is tog so bekommerd.

Maar het jy dit al vir God gesê?

In die gebed jou hart LEEG gepraat?

In Godsvertroue jou lewe in Sy hand geplaas?

Doen dit net soos Christus dit gedoen het. Christus, so bang en so benoud vir lyding en die dood dat Sy sweet in Getsemané soos bloeddruppels geword het.

Maar ná Sy gebed, kom die Godsvertroue en stap Hy sy vyand tegemoet - stap Hy neergeboë onder die kruis, want Hy weet:

In die hand van God is Hy veilig!

En toe is dit so! Na drie dae staan Hy op uit die graf . . . Christus LEWE!

En Hy het die dood en angs en vrees oorwin - ook joune!

Gaan op jou knieë en bid. Dank God daarvoor. En lig dan jou kop op en lewe voluit in Godsvertroue.

In die hand van God is jou lewe veilig!

Ds. Nico Ligthelm

Die heil behoort aan die Here

Jy kan alleenlik iets uitdeel of weggee wanneer dit aan jouself behoort. Indien jy iets sou uitdeel wat nie aan jou behoort nie, maak jy jou skuldig aan diefstal en bedrog. Die persoon aan wie jy dit uitgedeel het, sou in hierdie laaste geval dan ook geen sekuriteit besit ten opsigte van dit wat hy ontvang het nie.

Die vraag ontstaan nou:

- Op watter wyse kan jy van God hulp en verlossing verwag?
- Met watter verwagting kan jy van God jou hulp en verlossing vra?
- Bestaan daar enige sekuriteit ten opsigte van die hulp en verlossing wat God aan Sy kinders gee?

Psalm 3 sluit af met hierdie duidelike antwoord: "Die heil behoort aan die Here."

Die heil behoort aan die Here omdat die **HEILAND** die Here is. **DIE HEIL IS GOD S'N.**

Die Here het dus self die heil verwerf. Hy bring dit self tot stand. Dawid stel dit in hierdie woorde: "Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan."

Die Here self neem stelling in teenoor ons vyand en gee hom daardie vernederende en verpletterende hou op die kakebeen sodat selfs sy tande stukkend breek. Deur die Here se ingryping is die vyand nou soos 'n roofdier sonder tande — magteloos en verlore.

Jou grootste vyand is ongetwyfeld Satan. Die Here waarsku ons dat hy van die begin af 'n mensemoordenaar is. Hy sal ook al jou ander vyande teen jou laat saamspan om jou te vernietig. Dit kan selfs 'n bloedige stryd afgee. Maar vir elkeen wat sy vertrou op die Here plaas, is dit slegs die bloed van hakskeenwonde.

Hierteenoor het die Here beloof dat Hy sy kop sal vermorsel. Hierdie oorwinning oor Satan het Christus beklink aan die kruis op Golgota. Daarom behoort die heil, dit is die verlossingshulp, alleenlik aan die Here. Hy het nou die reg, asook die mag om daarvoor te beskik soos Hy wil.

Die belangrike vraag is nou: Hoe gaan jy hierdie kennis van die Here God hanteer? Jy mag nie toelaat dat dit by jou verbygaan as blote interessantheide nie. Jy kan ook die heil, met ander woorde die saligheid en ewige heerlikheid ontvang.

Lees gerus jou Bybel en doen dit elke dag.

Kom kerk toe — jy is elke Sondag welkom — en kom deel dan persoonlik in hierdie kennis dat die Here ook jou Here en jou Heiland is.

Hierdie kennis moet jou dus bring tot geloofsvertroue in die Here sodat jy saam met ons, soos Dawid van ouds, vir die Here kan smeek: "Staan op Here; verlos my God!"

Al ons verwagtinge is nou alleenlik op die Here. Die Heil wat aan Hom behoort en wat Hy in Christus vir ons skenk, is vas en seker **EN NET GOD KAN DIT VIR JOU GEE**. Besef jy ook nou wat 'n wonderlike voorreg dit is om die Here as jou Here en God te ken. Sing tot Sy eer en aanbid Hom keer op keer.

Ds. Sarel Cilliers